Sonder Seëls
Spesiale aflewering vir jou.
e-tydskrif

Julie 2020
Uitgawe 60 Jaar 11
Sonder Seëls
kontak@sonderseels.co.za

Liewe Leser

Daar word so baie gesê oor die huidige omstandighede, waar jy ook al in die wêreld *Sonder Seëls* lees. Elkeen van ons se lewe is op een of ander wyse ontwrig. Miskien het die virus té naby aan jou en jou familie gekom. Skryf gerus vir ons. *Sonder Seëls* wil graag van jou hoor.

Prof. Francois Durand, 'n bekende stem oor die radio, TV en veral voor studente, gee ons 'n kykie in sy lewe en hoe hy self toepas waarin hy glo en wat hy ander aanmoedig om te doen. Lees gerus ook van die webwerf vir Afrikaanse leerders en onderwysers wat hy tot stand gebring het. Die webwerf verskaf gratis inligting oor verskeie onderwerpe in Afrikaans. Bl. 2.

Ten spyte van die teleurstelling van jare se beplanning, spaar en uitsien na 'n avontuur wat nie nou kon realiseer nie, vertel Hannalie le Roux met groot entoesiasme van haar en haar man Willie se 2018-fietsrytog deur Europa. Bl. 8

Immer op soek na 'n lekkerleesboek, stel Joey Perry ons bekend aan Fredrik Backman, 'n Sweedse skrywer, wie se boeke wêreldwyd gepubliseer word.

Mag jy, liewe vriend en vriendin, moed hou, aanhou glo en mekaar dra en ondersteun.

Geniet Sonder Seëls!
Lilla du Preez

15 Julie 2020

Inhoud

Dit was tóé wat hy die erns van die onomkeerbare vernietiging van die ekologie eerstehands ervaar het. Prof. Francois Durand – dierkundige, paleontoloog en ekoloog. **2**

'n Mens moet nooit met iets vriende maak wat jou dalk in jou slaap kan eet nie. Fredrik Backman: *"A man called Ove"* **6**

Dis die begin van die Europese lente, maar ook een van die koudste en witste Maartmaande in 'n baie lang tyd. Twee mense, twee fietse en een tent. **8**

Nadergeroep deur die koue vanaf die Kaap tot in die noorde: warmhartbobotie. **13**

Hulle sal net terpentyn smeer aan daardie onnoembare deel van hom wat die verste van sy groot bek is. Arme Rampie loop deur. **14**

the essence
KOMMUNIKASIE

Dierkundige, paleontoloog en ekoloog

Sy entoesiasme, belesenheid, uitgebreide kennis en veral sy passie om dit te deel is 'n paar van die kenmerke wat van prof. Francois Durand só 'n gewilde gas op radioprogramme, TV-programme en as spreker by byeenkomste maak. Maar dit is by sy studente waar sy hart lê. In 2012 is hy as beste lektor in die Fakulteit Natuurwetenskappe en die Universiteit van Johannesburg aangewys.

My Honneurs studente bewys vrolik dat ons Primate is

"Kennis is mag en dus is dit 'n bose, bose ding om oningeligte mense af te pers of te manipuleer of te laat betaal omdat jy toegang tot inligting beheer". Sterk woorde. En dit is presies waaraan hy sy lewe wy: om kennis uit te deel – nie net te deel nie. Dit is hoe Francois Durand se onderwyser-ouers hom grootgemaak het: om opleiding en opvoeding as 'n roeping uit te leef.

Nadat hy 'n B.Sc.-graad aan die destydse RAU voltooi het, het Francois sy nagraadse studies aan WITS voortgesit waar hy in paleontologie kon spesialiseer, en vir tien jaar as paleontoloog by die Raad vir Geowetenskap gewerk het. In 1998 is hy terug na RAU, later die Universiteit van Johannesburg, waar hy vir meer as 20 jaar kursusse in dierdiversiteit, vergelykende morfologie en embriologie, evolusie, paleontologie, ekologie en wetenskapfilosofie aangebied het.

Die hooffokus van sy navorsing was oorspronkik die ontstaan van soogdiere en dinosauriërs, maar toe hy na RAU is, het sy belangstelling stelselmatig na ekologie verskuif. Met sy agtergrond in plant- en dierkunde en geologie, het hy grotekologie en grondwaterekologie met sy nagraadse studente begin bestudeer. Dit het later ook navorsing op vleilande en die impak van suurmynwater op die varswaterekostelsels ingesluit. Dit was tóé wat hy die erns van die onomkeerbare vernietiging van die ekologie eerstehands ervaar het en hierdie gewaarwording aan die publiek begin oordra het.

"My passie is om wetenskap vir elkeen te ontsluit en verstaanbaar aan te bied."

Hierdie onderneming doen Francois gestand deur **www.wereldomons.co.za**, 'n Afrikaanse webwerf wat biologie en aard- en omgewingswetenskappe vir Afrikaanssprekende leerders toeganklik maak. Onderwerpe sluit in geografie, geologie, paleontologie, biologie en klimaatsverandering, en 'n doen-dit-self-afdeling.

Waarom?

Omdat Afrikaanssprekende onderwysstudente gedwing word om opleiding slegs in Engels te ontvang, sonder die Afrikaanse vaktaal-agtergrond, vind hulle dit moeilik om klasse aan te bied aan Afrikaanse leerders in Afrikaanse skole. Daarom kan leerders, ouers en onderwysers die inligting op die webwerf gratis vir lesmateriaal en take gebruik, maar met die nodige erkenning aan die skrywer, fotograaf en illustreerder van die materiaal.

Wêreldbekende kunstenaar

Francois word wêreldwyd hoog aangeslaan as wetenskaplike illustreerder. Sy werk is gepubliseer in onder andere *Archimedes*, *Custos*, *Out There*, en die boek *Life Etched in Stone - Fossils of South Africa*.

In 2010 is hy deur die SA Poskantoor genader om 'n reeks illustrasies te doen vir posseëls ter viering van Suid-Afrika se status as Wieg van die Mensdom. In 2018-2020 het hy twee reekse goue munte en twee silwermunte vir die SA Munt ontwerp met dinosauriërs en hul voorsate en die evolusie van die mens as temas.

Euskelosaurus - die silwer munt wat in 2019 gedruk is en waarvan 40 000 verkoop is

Vind meer uit op
Youtube en in *Engineering News*

Vanwaar hierdie talent?

Francois het nooit formele kunsonderrig gehad nie maar grootgeword in 'n kunssinnige huis. Sy moeder was 'n kunsonderwyseres, en sy vader was hoof van die kunsdepartement aan die destydse Goudstadse Onderwyskollege. Soos hy dit stel: "kuns was vir ons so natuurlik soos om te eet en asem te haal."

Maria in die grot saam met my studente

Albert help my om fossiele op te grawe

“My gesin was nog altyd die fondasie waarop ek alles in my lewe gebou het...

Ek betrek my kinders van kleins af by projekte, van navorsing tot bouprojekte en die maak van speelgoed. Ek ontsluit die natuur vir hulle en leer hulle vaardighede en lewenswaardes so speel-speel. Van hierdie waardes is dat enigiets moontlik is, mits jy bereid is om net so hard daarvoor te werk as wat jy dit wil hê. Niemand skuld jou iets nie. Jy moet dit self laat gebeur. Met hierdie benadering kon my kinders van laerskool af al abseil, navigeer, sweis, smee, boogskiet, kook en bou.

Ons kyk ook nie TV nie maar ons het 'n biblioteek met meer as 8000 boeke. Saans lees ons hardop boeke vir mekaar. Elkeen het 'n boek waaruit hy vir die ander voorlees en so verbreed ons kennis, woordeskat en taalvaardighede. Ons straf, verwyt of verneder nooit 'n kind as die kind faal nie, maar ons verwag dat die kind weer sal probeer (met raad of hulp van ons indien nodig).

Ons lees

Ek en Maria bou 'n ark vir haar verjaardag

Albert maak skilde vir sy verjaardagpartytjie

Gebruik minder, leef nederig

Ek streef daarna om die waardes waarin ek glo uit te leef. Dit help nie ek vertel almal dat hulle meer nederig moet leef en minder gebruik en nooit verkwis as ek self daaraan skuldig is nie. Dieselfde geld vir ons respek vir die natuur. Van die dinge wat ons gedoen het om meer volhoubaar en ekologies vriendelik te leef, is om die eksotiese plante in die tuin (buiten vir sommige vrugtebome en groente) te vervang met inheemse struike en vrugtebome (mispel, maroela, wildepruim, moepel, waterbessie, keiappel) en om die grasperk en blombeddings in 'n groentetuin te verander.

Ons selfonderhoud-projekte is in die *Doen dit Self*-afdeling van my webwerf te sien. Die kinders neem aan al die aktiwiteite deel, vanaf die kostuin, die versorging van die diere, plant en snoei van bome, tot die ontwerp en bou van die projekte. Ek bemagtig die kinders deur hulle van die begin af te betrek by die proses van ontwerp, bou, toets en die implementering. En hoe kan dit anders? Ek moet hulle vir die toekoms voorberei. Natuurlik

gaan ons nie oornag alles verander nie, maar ons het reeds skurwepaddas , reptiele en 28 spesies voëls na die tuin gelok terwyl ons gaandeweg meer en meer van ons eie kos vervaardig.

Die samewerking van die gesin rondom die kostuin en natuurtuin, en die bou van die projekte en die samesyn van saamlees, teken, beplanning en navorsing in die aande is vir my die kosbaarste ervaring van my lewe. Terwyl ons tuinmaak en bou, gesels ons land en sand en kry ek die geleentheid om die kinders te vertel van onder andere grondekologie, roofdier-prooiverhoudings, parasiete, evolusie, bewaring, domestisering, dieregedrag, geologie en die weer. Hulle is van kleins af blootgestel aan die natuur net soos wat ek as kind aan kuns blootgestel was. Dit is vir hulle so natuurlik soos om te eet en asem te haal.

Foto's kloksgewys vanaf links bo: Goggaidentifikasie - wie sou raai dat kinders regtig daarin belangstel? • Martha met 'n vlermuis wat sy vir een van my projekte gevang het • Rosa en Albert in ons groentetuin • Rosa (3) ontdek 'n dwergtrapsuutjie in Knysna.

Herbesin

Wilde diere moet vrygelaat word. Hier laat ons 'n grasuiltjie vry wat ons grootgemaak het nadat iemand hom as kuiken in die veld opgetel het na 'n veldbrand.

Ek doen 'n beroep op elkeen om te herbesin oor die lewe, jouself, prioriteite, jou rol in die natuur en die samelewing. Indien dit negatief is, neem 'n wilsbesluit om dit te verander. Die verandering begin by jouself. Moenie wag tot iemand jou dwing om iets te doen of totdat dit te laat is nie. Dit gaan nie bloot om die natuur te red nie maar ook om onsself te red. Daar is talle voorstelle in my artikels op my webwerf en honderde meer op die internet oor hoe om meer volhoubaar en omgewingsvriendelik te leef. Wat ek hier bepleit is 'n verandering van hoe ons na onsself as deel van die natuur kyk. As almal se houding jeens die natuur verander sal ons moontlik 'n kans staan om die onherroeplike ineenstorting van ekosisteme binne die volgende dekade af te wend. ”



"A man called Ove"

deur Fredrik Backman

Fredrik Backman is 'n Sweedse skrywer, rubriekskrywer en blogger wat in Stockholm woon. Sy boeke is blitsverkopers in Swede en is al in meer as 40 lande gepubliseer. Dié boek is in 2012 in Sweeds geskryf, in 2013 in Engels vertaal en in 2016 verfilm. Joey Perry vertel waarom sy die boek geniet het.

Bespreking van die roman

Die hoofkarakter, Ove, is 59 jaar oud. Hy woon al vir byna veertig jaar lank in 'n skakelhuis in 'n koue en grys omgewing. Ove is 'n regte korrelkop, en die tipe mens wat sy vinger wys na mense van wie se voorkoms hy nie hou nie. Daar skuil egter 'n storie van hartseer agter die eksentrieke uiterlike.

Ove se ouers is vroeg in sy lewe oorlede: sy ma toe hy sewe jaar en sy pa toe hy sestien jaar oud was. Ove is hoofsaaklik deur sy pa grootgemaak; 'n stil, hardwerkende, sterk man, wat van masjiene en herstelwerk gehou het. Hy het vir Ove lewenswaardes geleer, waaronder integriteit, eerlikheid en die belangrikheid om die regte dinge te doen.

Ove is 'n wewenaar wie se vrou, Sonja, sowat ses maande gelede oorlede is. Hy het eensaam en alleen agtergebly, sonder familie, vriende, kind of kraai. Sonja se dood het hom depressief gelaat. Hy wou ophou lewe, en het besluit om selfdood te pleeg. Hoewel hy 'n paar keer probeer het, is hy telkens verhoed om sy plan deur te voer. Ove beskryf sy gevoelens oor Sonja se dood só: "Something inside a man goes to pieces when he has to bury the only person who ever understood him. There is no time to heal that sort of wound".

Hy sukkel om te kommunikeer, selfs by sy vrou se graf, want sy het altyd gesprekke gelei en hy het gewoonlik geantwoord. Hy kan net dinge verstaan wat hy kan sien en aanraak, soos sement en beton, en dinge wat hy kan uitredeneer, soos wiskunde.

Ove en Sonja het op 'n trein ontmoet. Haar vriende kon nie verstaan hoekom sy met hom getrou het nie, want hulle was teenoorgesteldes. Hulle het gedink hy is verbitterd en anti-sosiaal.

Hulle wou graag kinders gehad het, maar sy het hulle ongebore baba na 'n busongeluk

Temas

Die hooftemas van die boek is die ouderdom, eensaamheid, verhoudings, en uitdagings wat bejaardes binne die Sweedse welsynsomgewing ondervind. Die boek bestaan uit 39 hoofstukke, elk met 'n eie storie, soos in 'n kortverhaalbundel, maar dis nie 'n bundel kortverhale nie. Daar is dus 39 situasies wat beskryf kan word, waarvan ek enkeles gekies het.

in Spanje verloor. Dit het soveel trauma vir hom veroorsaak dat hy nooit heeltemal daarvan herstel het nie. Hy het lank na die ongeluk 'n periode van groot donkerte beleef en was gedurig met die owerhede in konflik.

Dit was vir hom 'n groot slag toe sy werk besluit het hy moet aftree, wat hom laat voel het of hy nie meer 'n doel het nie.

Die roman begin wanneer die 59-jarige Ove 'n rekenaar wil koop. Hy sukkel om met die jong verkoopsman te kommunikeer, want hy ken nie die terminologie om te verduidelik watter tipe rekenaar hy wil koop nie. Uiteindelik vererg hy hom en stap uit sonder om iets te koop.

Toe die nuwe bure langs Ove intrek, was hy en sy Iranese buurvrou, Parvaneh, onmiddellik in mekaar se hare, en vir buurman, Patrick, het Ove geweeg en te lig bevind. Ove was instinktief skepties teenoor almal wat langer as 1,85 m is, want hy het gereken dat die bloed nie heeltemal bo by so 'n persoon se brein uitkom nie.

Soos die verhaal ontvou begin Ove algaande ontdooi, by sy bure betrokke raak, hulle help waar hy kan, en so word hulle sy nuwe familie. Dit blyk na sy dood dat hy Parvaneh volkome vertrou en as die eksekuteur van sy boedel aangestel het.

Wat ek besonder amusant gevind het, is Ove en die kat se verhouding, wat ontwikkel het van antagonisme tot aanvaarding en troos vir mekaar. Ove het die kat verjaag toe hy dit die eerste keer gesien het en dit 'n pes genoem. Hy het gedink 'n mens moet nooit met iets vriende maak wat jou dalk in jou slaap kan eet nie. Nogtans het die kat gereeld by sy voordeur verskyn. Ove was hewig daarteen gekant om die kat in sy huis in te neem, maar hy moes hom noodgedwonge oor die kat ontferm nadat die kat uit die sneeu gered is. Die kat het selfs langs Ove op sy doodsbed gelê, met sy klein koppie rustend in Ove se handpalm.

Ove se einde

Ove sterf 'n gelukkiger mens as wat hy aan die begin van die roman was. Sy testament en ander dokumente was, soos verwag kan word, in orde. Sy wense t.o.v. sy begrafnis was op skrif aan Parvaneh uitgestippel: hy wou nie 'n seremonie hê nie; al wat hy wou hê was om langs Sonja begrawe te word. Daar het egter meer as 300 mense by die begrafnis opgedaag. Parvaneh en Patrick het binnepret daaroor gehad, want hulle het geweet hy sou dit gehaat het.

Samevatting

Die roman word deur kritici beskryf as 'n aandoenlike, warm, teer storie van liefde, verlies, onderliggende hartseer, en humor. Ná alles was die knorrige Ove lojaal en onselfsugtig, en sy karakter ontlok algaande deernis by die leser. Parvaneh het dit goed opgesom: "You know, Ove, sometimes one almost suspects you have a heart…"

Veertig dae op die saal van 'n fiets

Willie en Hannalie le Roux, twee Pretorianers, het in 2018 per fiets vanaf die oorsprong van die Donaurivier in Donaueschingen tot in Boedapest gery – 'n 40-dae rit oor ongeveer 1 500 km. Hulle is buitelewe-mense wat hou van uitdagings: fietsry, swem, hardloop, seil, kampeer, staptogte…

Hierdie fietsritgedagte het ontstaan nadat iemand vertel het van hul ervaring op die middelste gedeelte van die roete (Passau tot Wene). Die Le Rouxs het besluit om dit die moeite werd te maak, en die hele roete aan te pak. Die roete bestaan uit drie dele: Donaueschingen tot Passau (Duitsland), Passau tot Wene (Oostenryk) en Wene tot Boedapest (Slowakye en Hongarye). Hulle oudste seun en sy vrou, Willem en Monica, woon in Switserland, 'n pluspunt vir hierdie avontuur.

Maart 2018

Ons vertrek op 'n amper 3-maande lange Europese droom – fietsry deur Duitsland, Oostenryk, Slowakye en Hongarye en daarna seil – net ons twee – vir twee weke in Kroasië. Ons splinternuwe toerfietse en saalsakke staan gereed by die kinders in Baar, Switserland.

Monica gaan laai ons in Donaueschingen af. 'n Spierwit wêreld begroet ons toe ons grootoog en benoud die grens tussen Switserland en Duitsland oorsteek. Dis amptelik die begin van die Europese lente,

maar ook een van die koudste en witste Maartmaande in 'n baie lang tyd. Na 'n vinnige ontbyt groet Monica ons en ons is op ons eie.

Ons fietse het weerskante twee saalsakke en in die middel tussen die sakke het ons elkeen 'n waterdigte sak met kampeertoerusting en slaapsakke – ongeveer 22 kg ekstra. Voor op my fiets is 'n mandjie – die kombuis – en voor op Willie se fiets is 'n sak met die kamera en bo-op die sak 'n plek vir die roetekaart. Dis 'n ander storie om op so 'n swaar gelaaide fiets jou balans te hou!

Ons begin by die fontein wat as die oorsprong van die Donau aangedui word. Die magtige Donau begin as 'n dun stroompie met 'n samevloeiing van die Brigach- en Bregrivier 'n entjie van die fontein af. Die roete is baie goed gemerk en ons eerste skof is slegs 17 km tot op Geisingen. Oral langs die pad lê sneeu. Gelukkig het ons lae klere onder ons waterdigte baadjies en -broeke aan asook waterdigte oortreksels oor ons skoene.

Dag 5: van Mundingen na Ulm

Die katedraal in Ulm

Dis te koud om te kampeer (-8 °C) en die soms gladgeyste, soms dikgesneeude fietspaaie maak dit onmoontlik om 'n fiets te trap. Ons het ter voorbereiding Duitse beginnerslesse geneem en my verroeste matriek-Duits moet maar instaan. Ons ry deur piepklein dorpies met die mooiste name… Hundersingen, Binzuangen, Waldhausen…

Die koue dwing ons om die eerste twee weke in gastehuise of *pensions* te oornag.

Een aand slaap ons op hooi in 'n stal en in Ingolstadt, waar ons die Audi-fabriek besoek, vir 'n paar ander aande in 'n wynvaatjie.

Ons besef reeds vroeg dat dit goedkoper is om uit die supermark te leef. Lerberkäse, Bratwurst en Brötchens word vinnig deel van ons spyskaart. By bed-en-ontbyt-oornag leer ons vinnig om alles wat ekstra is in te pak vir die dag!

Heel links: Donauschingen - die fontein by die oorsprong van die Donaurivier
Links: Die wynvaatjie "gastehuis" in Ingolstadt

Links bo: die tent staan reg om slaapplek vir die nag te wees.
Regs bo: Die Hall of Liberation in Kelheim.

Onder: Passau: 'n sprokiesuitkyk oor die rivier
Heel onder: Hannelie onder een van die boë op die "BierRadl-Weg"

Ons woon die Paasdiens in 'n volgepakte Regenburgse katedraal by. Hier slaap ons vir die eerste keer in ons tent, maar die koue laat Willie dié nag 'n kinderspeelmat in die ontspanningslokaal van die kampeerplek gaan 'leen'. Dit het darem die ergste koue van onder gekeer.

Oral langs die pad besoek ons kloosters – 'n besondere een was die Weltenburg-klooster waarvan die huidige gebou in die 18de eeu deur die Asam-broers opgerig is. Die klooster is veral ook bekend vir sy bier. Hier neem ons vir die eerste keer 'n veerboot waar die Donau tussen kloofhange van tot 100 m hoog tot 'n 70 m-wydte forseer word. Hoog teen die kloofhange, en wat ons ook besoek het, staan 'n monument, die *Hall of Liberation*, opgerig ter ere van diegene wat onder Napoleon se bevel tot Duitsland se vryheid bygedra het.

Ons ry deur soveel prentjiemooi en interessante plekke – beperkte spasie laat my nie toe om oor elkeen te skryf nie! Met *Guten Morgen*, *Grüß Gott* en *Hallo* groet ons die hulpvaardige en vriendelike mense langs die pad. As dit net lyk of jy wonder waar jy is, staan hulle nader en bied hulp aan. Eenkeer het die ou omie en die twee ou tantes onder mekaar baklei oor wie nou eintlik reg is! Een ou tannie het selfs vir ons water in 'n pan op haar stofie gekook en ons met 'n stringetjie gebedskrale as geskenk gegroet.

APRIL

5 April en ons is in Passau, die drie-riviere stad, ons laaste stop in Duitsland voor ons Oostenryk binnegaan. Ons kry heerlike verblyf teenaan die Donau. Hier koop ons 'n Passau-kaart en besoek elke moontlike besienswaardigheid – enkeles was die Oberhaus Museum met uitbeeldings van die Tweede Wêreldoorlog, die ou raadsaal, 'n glasmuseum met 30 000 glasartikels, die St. Stephens-katedraal met een van die grootste orrels ter wêreld met 17 974 pype en 233 registers. Ons was bevoorreg om later een van die orreluitvoerings by te woon. Nog 'n hoogtepunt was 'n bootrit om die samevloeiing van die Donau-, die Ilz- en Innrivier met sy duidelike kleurverskille te ervaar.

Ons volgende groot stop is Wene waar ons kinders by ons gaan aansluit vir 'n hotelnaweek en 'n



Regs bo, van links na regs: Die oer-oue Venus-beeld in Wene se natuurhistoriese museum • Die klooster in Melk • Die natuurhistoriese museum in Wene met skouspelagtige tulpe in die voorgrond

Onder: Opera in Wene! Ons is darem nog op die regte pad... Die jeugtuiste in Bratislava

uitvoering in die Weense operahuis van Beethoven se enigste opera, Fidelio. Maar eers wag Linz waar ons 'n paar dae oorbly. 'n Uiters interessante plek was die Ars electronica sentrum waar ons feitlik die hele dag deurbring.

'n Neerdrukkende ervaring is ons besoek aan Mauthausen, 'n konsentrasiekamp. Die wreedheid, hartseer en onregverdigheid van oorlog hang swaar in die lug. Daarna volg Grein, Melk met 'n ongelooflike klooster en Willensdorf, waar ons die opgrawingsterrein besoek van 'n 29 500 jaar-oue venusbeeld, wat tans in Wene se natuurhistoriese museum is.

Ons ry deur die bekende Wachau-wynstreek wat ewe bekend vir sy appelkoosbloeisels is, slaan die 1 000 km-merk en stop in Wene voor die St. Stephens-katedraal.

Wene is nie 'n plek vir 5 dae nie – daar is net te veel dinge om te doen. Van besoeke aan museums, die Prater (pretpark), die Schatzkammer met sy ongelooflike prag en praal, Schönbrunn-paleis, Naschmarkt. Noem dit, ons was daar! 'n Besliste hoogtepunt was ons opera-aand saam met die kinders net soos dit gedoen moet word… in 'n balkon skuins bokant die orkesput met sjampanje en *macaroons* tydens pouse! Om nie te praat van my geleende nr. 4-sandaaltjies aan my nr. 6-voete nie. In die klere wat die kinders saamgebring het, het ons heelaand getrippel en gepronk net soos ons moes.

Na 'n vinnige Blou Donau-wals op 'n platformpie op die Donau (bloot toevallig tussen 'n klomp kaalbaaiers) verlaat ons Wene. Ons het later weggetrek as beplan, kry nêrens langs die pad kampeerplek nie, en moet noodgedwonge laat die aand en druipnat, na 'n onverwagte reënbui, by 'n taamlike duur hotel aanklop vir blyplek.

Bratislava

Die fietspaaie raak minder, die taal moeiliker, maar ons trap dapper voort. Oorblyfsels van die vorige grenspos stuur rillings deur ons. Is dit hoe jy mense buite hou?

Ons bly in 'n gerestoureerde jeugtuiste wat uit die kommuniste-era spruit. Tog is Bratislava 'n pragtige plek: oud, geskaad deur

Links: 'n Croquembouche van formaat! • Onder: 'n Uitsig oor die Donau

oorlog maar baie interessant. Só beland ons in 'n bomskuiling wat in 'n teekroegie omskep is, 'n kunstig beskilderde koffie- en koekplekkie, die Novÿ Most, 'n 100 m hoë toring met uitsigte oor die Donau.…

Ons het nie baie tyd vir die laaste skof nie want ons kry die kinders die naweek in Budapest. Die Donau is op sommige plekke tot 700 m breed. Plek-plek deel die voertuie en die fietse die hoofpad. Van Passau af is daar baie passasiersbote. Dis ook ons eerste kennismaking met 'n ander geldeenheid as die euro, die Hongaarse forint. Ek het sommer skielik baie geld! Steeds is daar baie ruïnes en pragtige landerye. Ons klim vir oulaas van die veerboot af. Budapest, met sy 8 brûe oor die Donau, is 30 km voor ons.

Ons ry Budapest in 'n ambulans binne

Ander fietsryers voor ons ry heen en weer oor die pad. In die proses om verby te gaan, raak Willie se voorwiel my fiets se agterwiel, wat hom laat val, en ons ry Budapest in 'n ambulans binne. Willie beland in die staatshospitaal en sy gebreekte vinger en gekraakte arm word dié aand sonder narkose geopereer.

Ek moet die hospitaalbed vol bagasie met my lewe oppas, totdat die taxi my na die hotel kan neem. Gelukkig kom die kinders later die aand tot my redding en ons geniet 'n ete by vioolmusiek – sonder Willie. Die volgende oggend ontslaan Willie homself, en gewapen met drie wit kapsules toegevou in 'n wit sneesdoekie, kry ek vir Willie by die hospitaal – betyds vir ons privaattoer deur Budapest! Niks keer ons om Budapest met sy sigbare tekens van onlangse opstande steeds ten volle te beleef nie.

Veertig dae later en 1 500 km verder, het ons sakke vol stories en ervarings, te veel om hier te vertel. Ons seil in Kroasië is weens Willie se handbesering gekanselleer, maar ons het dit vervang met plan B – 'n Switserse ervaring – 'n storie op sy eie.

Sal ons dit weer doen? JA beslis. Tou-opgooitye? NEE, maar moeilike en vasbyt tye beslis. 24/7 in mekaar se geselskap is 'n aanpassing, maar die sorgeloosheid, vryheid, veiligheid en natuur sorg vir 'n onvergeetlike ervaring.

Ons volgende toer langs die Ryn was reeds beplan en bespreek vir Mei en Junie 2020, maar Covid-19 het ons verhoed om te gaan. Maar… ons fietse wag in Switserland!

Van links na regs: Budapest • Willie in die hospitaal • Willie by die sameloop van die drie riviere in Passau • 'Romantiese' selfie-oomblik in Passau.

GEURIGE BOBOTIE

BESTANDDELE

- 30 ml gemaalde gemmer
- 20 ml bruinsuiker
- 15 ml matige kerrie
- 15 ml borrie
- 10 ml sout
- 2,5 ml peper
- 30 ml botter of margarien
- 2 medium uie
- 1 kg maalvleis
- 2 snye witbrood
- 150 ml pitlose rosyne
- 60 ml blatjang
- 20 ml fyn appelkooskonfyt
- 30 ml asyn
- 30 ml Worcestersous
- 30 ml tamatiepasta
- 375 ml melk
- 2 eiers

METODE

- Verhit die gemmer, bruinsuiker, kerriepoeier, borrie, sout en peper vir 'n paar minute in 'n kastrol. Roer deurentyd sodat dit nie brand nie. Skep dit uit en hou eenkant.
- Braai die uie liggies in die margarien/botter; voeg die kerriemengsel daarby en braai nog 'n rukkie.
- Week die brood in 'n bietjie water. Druk water uit en voeg fyngedrukte brood, maalvleis, rosyne, blatjang, appelkooskonfyt, asyn, Worcestersous en tamatiepasta by die uiemengsel.
- Kook oor matige hitte vir 20 tot 30 minute; roer gereeld sodat dit nie aanbrand nie.
- Skep die mengsel in 'n gesmeerde oondvaste bak.
- Klits die eiers en melk en giet dit oor die vleismengsel.
- Bak vir 45 tot 50 minute in 'n voorverhitte oond by 180 °C.

Die vrylopendes

Ons het nou regtig 'n slegte nag gehad.

Eers het die rotte ons groot laat skrik met hulle geskarrel en gekrap. Ons het net weer ingedut toe Kraai die haan begin met sy gekraai. Ons het toe maar 'n naghappie geneem en weer geslaap. Vanoggend vroeg is ons toe wakker van 'n geraas hier in ons en die koeie se kampie.

Dis toe dieselfde Kraai en sy harem wat hulle hier in ons kampie kom tuismaak het. Hulle raas hier en kekkel daar en tussenin kraai Kraai sy kraaie. Die henne skrop vir 'n vale. Ons stap toe nader om te hoor waaroor die hele lawaai gaan en dit gaan toe oor masjiene. Hulle is vreeslik vies daaroor dat die mense kuikens met masjiene broei en die henne werkloos laat.

Kraai kom toe ewe dreunlyf aan die beurt en vertel dat hy so trots daarop is dat sy ma hom self gelê en uitgebroei het. Hy vertel hoe 'n goeie ma hy gehad het. Sy het nie net geskrop vir nuttigheid nie, maar ook vir opleiding van die kuikens. Dis hoe hy geleer het om deeglik te skrop en nou nog het hy groot respek vir 'n hen wat haar skrop ken. Hy is ewe trots dat hy nie 'n masjienhoender is nie, maar 'n vrylopende haan.

Toe ons die middag afstap pad se kant toe om na tannie Fiela op anderplot te balk, is oom Rampie ook daar. Hy luister toe ewe stil na die hele storie met die hoenders – 'n stilte wat nogal snaaks is vir hom. Toe trek hy daar los met 'n gebalk. Hy weet te vertel dat hy so bly is dat hy 'n vrylopende donkie is want hy het geen aanleg om 'n trekdonkie te wees nie. Hy sal hom nie laat inspan voor enigiets nie!

Net daar raak die vriendelike tannie Fiela vreeslik kwaad. Sy vertel vir oom Rampie dat dit nie 'n kwessie van aanleg is dat hy nie 'n trekdonkie wil wees nie, maar van luiheid. Sy vertel hom hy moet in sy pasoppens wees want hy sal nog so staan en balk dan span die mense hom in. Protes sal dan nie help nie – hulle sal net terpentyn smeer aan daardie onnoembare deel van hom wat die verste van sy groot bek is. As daardie terpentyn begin brand sal hy 'n voortrekker wees! Tannie Fiela sê toe dat oom Rampie se groot aanleg nie na vrylopenheid lyk nie, maar as 'n merrie so na sy nageslag kyk lyk dit asof hy 'n lopende vrydonkie is!

Nouja, nou is ek te vaak om verder te praat en groet julle met 'n balk!

Dorrie



Die menings uitgespreek in Sonder Seëls is nie noodwendig dié van die redakteur of Essence Kommunikasie nie. Artikels en rubrieke word uitsluitlik vir inligtingsdoeleindes gepubliseer en daar kan nie daarop gesteun word as deskundige raad nie. Die produkte en dienste wat geadverteer word, bevat die inligting wat die adverteerder verskaf. Sonder Seëls aanvaar nie aanspreeklikheid vir die akkuraatheid en/of gehalte van produkte en dienste nie.